

2 Julie

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Fokusgedeelte: DL, 3/4:11

### **Net God kan my geslote hart oopsluit!**

“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.” So lui vers 20. Ons het almal seker al die volgende verklaring daarvan gehoor: Elke mens se hart het ’n deur en die deur se handvatsel sit net aan die binnekant. Die Here staan buite en Hy klop om in te kom. As jy nie die deur van binne oopmaak nie, dan kan die Here nie inkom nie. Jy moet dus self besluit of jy gaan oopmaak of nie en so besluit jy oor jou eie saligheid. Op die oog af klink dit nogal reg, maar dit is nie wat hier staan nie.

As dit waar is dat ’n mens se hart ’n deur het en dat die handvatsel net aan die binnekant sit, dan sou dit beteken dat alle mense, omdat hulle na die sondeval nie meer enige goed kan doen nie en tot alle kwaad geneig is, daardie deur so dig as moontlik sal toe hou. As dit van die mens sou afhang sou God nooit in enigeen se hart kon inkom nie.

Eers as Jesus kom klop en ons sy stem hóór, met ander woorde, eers as die Heilige Gees in ons begin werk, kan ons ons bekeer. Hy bekeer my, sodat ek my kan bekeer. Daarom bely ons: “Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees ... dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart ...”

Bid daarom vandag tot die Here en vra dat Hy elke dag nuwe eienskappe in u wil sal instort, dat Hy u wil lewend, goed, gewillig en gehoorsaam sal maak. As Hy dit nie doen nie sal ons Hom nie in ons lewens wil hê nie.

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~